PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

26 Augustus 2018

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE, VOORSTELLE OF KOMMENTAAR.(anoniem):
https://goo.gl/WFtT3F

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte**: 1 Petrus 3:13-22*
***Fokusvers**: 1 Petrus 3:15b*
Tema: Is jy gereed om 'n antwoord te gee?

LOF EN AANBIDDINGSDIENS

dr. Braam Krüger

***Skriflgedeelte:** Jakobus 1:9-11*
***Fokusvers:** Jakobus 1:9*
Tema: Is geld jou ondergang?

18:30 AANDDIENS

Ds. Abe Keyser

***Skrifgedeelte:** Matteus 5:1-16*
***Fokusverse:** Matteus 5:4*
***Tema**: In trane, maar doodgelukkig!*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

SMS GEBEDSGROEP: Om gebedsversoeke te rig of per sms te ontvang stuur asb. 'n sms met die woord "gebedsgroep" na Donsie Krüger
☎ 084 627 2393

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR :

- Oom Chris Nothnagel is in die Linmed opgeneem met infeksie in sy voet.

GELUKWENSING:

- Baie geluk aan Adriaan en Linda Damons met die geboorte van 'n kleinseun, Liam Damons, die afgelope week. Mag hy vir julle baie vreugde bring.

TER APPROBASIE WORD AAN DIE GEMEENTE VOORGEHOU:

- Sr. Amanda Jansen as diensgroepleier vir die baba-diensgroep.
- Sr. Elize du Plessis as wyksleier.
- Sr Elma Jansen as wyksleier.

LOSMAKING:

- Sr. Ina van Eeden ontvang vandag losmaking uit die amp as diensgroepleier. Ons dank haar vir haar toewyding met die uitvoering van haar amp as diaken.

DRINGENDE HULP BENODIG!

Ons benodig dringend iemand wat 'n PDP lisensie het en bereid is om die kerk se bussie te bestuur op Sondae. Kontak asb. vir Braam Kruger op 082 459 5636

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Vandag	Na oggenddiens Na oggenddiens 18:00	Katkisasie gr 1-7 Evangelisasie kursus opleiding Katkisasie gr 8-11	Otto Coetzer 083 324 1459 Braam Krüger 082 459 5636
Maandag	09:30 19:00	Rynpark 5 Bybelstudie Volwasse kategese	Adrie Goede 083 654 4821 Braam Krüger 082 459 5636
Dinsdag	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	19:00	Kerkraadsvergadering	Fritz Haasbroek 083 478 9869
Donderdag	19:00	Bybelstudie- Studente– en jongwerkendes	Nico Boshoff 081 049 7066
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie met Braam	Schalk van Eeden Braam Krüger 082 459 5636

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Pieter du Plessis
2 September	Pieter Venter

GKSA BEROEPENUUS:
Beroepe ontvang:
- Ds W Jobse (Wilhan) van Jeffreysbaai na Kemptonpark.
- Ds TJ Moletsane (Jeremia) van Sanveld na Zamdela, Boipatong, Sharpeville en Sebokeng.

Beroepe aanvaar:
- Ds AB van der Walt (Braam) van Lichtenburg na Eden.

LESOTHO UITREIK

Ons beplan DV om die naweek van 19 - 24 Sept na St James Mission in Lesotho te gaan.
Ons gaan Bybels uitdeel (ons hoop op 800, het reeds 200) en leeshulpboeke (benodig nog baie) asook meel, blikkieskos, poeiermelk, langlewe melk, en sokker- en netbalballe.
Almal wat wil saamgaan, gee asb. name aan Lenie Venter (083 457 8861).
Kostes sal gedeel word tussen hulle wat saamgaan.
Beplanningsvergadering 4 Sept 19:00 by die kerkgebou. As jy belangstel, ontmoet vir Braam na die diens by die preekstoel.

Navrae: Lenie Venter 083 457 8861 of
dr. Braam Krüger 082 459 5636

GK BENONI JEUGBASAAR
VRYDAG 7 SEPTEMBER VANAF 17:30

Die gemeente en alle vriende word uitgenooi om te kom kuier en hul aandete by die kerk te kom koop om sodoende die jeug te ondersteun.
Daar sal onder andere pannekoek, kerrie-en-rys, hotdogs, burgers wees.
Daar sal ook speletjies vir die kinders wees.
Navrae by Melani van Wyk ☎ 072 592 8866

Die Gereformeerde Kerk Benoni,
nooi die seniorlidmate vriendelik uit na hulle
JAARLIKSE LENTETEE.

Datum: DV Woensdag, 19 September 2018
Tyd: 9:30 vir 10:00
Plek: Gereformeerde Kerk, Miles Sharpstraat, Rynfield, Benoni
Toegang: Gratis (Onkostes beloop R5000.00.)
'n Kollekte sal by die deure gehou word en 'n vrywillige donasie sal waardeer word.)
Gaskunstenaars:
Ryan Walt, alombekende panfluitspeler &
Steven Sterling, Sanger
Antwoord asb. voor of op 31 Augustus, by Corrie Venter by 0832809659 of cmjventer@gmail.com of Una Steyn 0833094017 of una.steyn@gmail.com.
Ons benodig slegs getalle.
Predikante en hulle gades se teenwoordigheid sal waardeer word.

JEWS FOR JESUS

Evangelisasie aanbieding en Dankseggingsete
9 SEPTEMBER 2018 @ 11:00

Met groot opgewondenheid nooi ons alle lidmate en belangstellendes na 'n aanbieding deur 'Jews for Jesus' om 11 uur (na die erediens en nagmaal) in ons kerkgebou.

Daar sal literatuur te koop wees na die aanbieding, so bring gerus 'n geldjie saam.

Die dankseggingsete sal na die aanbieding in die saal aangebied word, in die vorm van 'n joodse ete. Vir spysenieringdoeleindes versoek ons asb om julle name op die lyste in die saal/ portale te skryf. Ons benodig slegs getalle asb.

Nooi gerus julle vriende in Christus saam.

VETKOEK & MAALVLEIS VIR AANDETE?

Bederf die familie met vetkoek vir Vrydag-aandete. Bestellings kan by Erika Kearns by **073 251 8077** geplaas word om op Vrydae-aande by die kerk afgehaal te word.

VERJAARSDAE 26Aug - 1 September

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VER-JAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 26/08	Sunita Katz ☺ Anna Charslund *	
Di 28/08	Tamlyn van den Berg ☺ Annieka Billing ☺	
Wo 29/08	Kean Vorster ☺	
Do 30/08	Arina Lubbe* Wynand van der Wateren Jaydin Scholtemeyer ☺	076 767 9666 083 658 3879
Sat 1/09	Ronel Ritchie Emile Ras ☺ Andrea Jansen ☺	081 218 3048

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

DUST gaan kamp!

Tema: Hoe openbaar God homself deur Skrigtuur en natuur.

Wanneer: 26 - 28 Oktober 2018
Waar: Klipdraai karavaanpark in Meyerton.
Wie: Alle gr 7 tot 12 katkisante
Koste: R350 pp

Navrae en besprekings kan gedoen word by Melani by 072 592 8866 / dustjeug@gmail.com

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 19 Augustus 2018 se antwoord: Kor 9:13
" Salomo se jaarlikse inkomste uit goud het sowat ???? ?? ??????? ??? beloop"

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Jan Bakker ; Martie Gibson ; Chrissie Pretorius; Klein de Kock

Hierdie week: Soek die Bybelvers 26 Augustus 2018
" Adam was dus ??? jaar toe hy gesterf het"
Vraag: Hoe oud het Adam geword?
Lees gerus Genesis en noem hoe oud Adam geword het en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

GHOLFDAG TEN BATE VAN

PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS

Wanneer: 14 September 2018
Waar: Silverton Golf Estate
Koste: R3000 per 4-bal
Gholfkarre beskikbaar teen R500 per kar. (2 spelers)
Individuele inskrywings welkom!
Pryse ter waarde van R30 000-00
Inskrywings sluit halfweghuisete en prysuitdelingete in.
Kontak Wayne by 082 445 1166 omj jou plek te bespreek.

GK PRETORIA
21 SEPTEMBER 2018

Die Gholfdag is weereens gemik op fondsinsameling vir die kerk.
Plek: Cullinan Gholfbaan
Datum: 21 September 2018 – Vrydag Afslaan Tyd : 11:00
Inskrywing per 4 bal (sonder Gholf Karretjie): R2500
Karretjie (moet self met Gholfbaan reël): R200
Gaatjie borg met 4 bal ingesluit: R4500
Gaatjie borg alleenlik: R2000
HOE MAAK MENS, SO MAAK MENS…
Die dag se gholf gaan in "shotgun" formaat begin, 4 bal alliansie waar die 2 beste tellings tel. Die kostes sluit in; half pad huis ete, asook ete met prys uitdeling. Prys word ook gegee aan 4 bal met die meeste gees.

HOE BEVESTIG EK? Vir enige verdere navraag kontak gerus onderstaande nommers. Belangstellendes kan 4-bal bespreek deur betaling te rig aan: GK Pretoria Ramings Bank: ABSA Tak: 632005 Rek No: 929 345 8837 Verwysing : Voorletters en Van - Gholf
Besprekings: Jaco Smith 082 553 9866 Frikkie Van Schalkwyk 083 609 8019

KOLLEKTES

Kollektes van 19 Augustus 2018
Diens van Barmhartigheid : R
TSP Publiksies :R
Jeugfonds :R

Vandag se kollektes :
Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Emeritaatsversorging

Volgende week: Ekumenisiteit buitelands
Doel: Om skakeling met ander Gereformeerde jeug wat in London verkeer met Woordbediening en pastorale hulp by te staan

Gereformeerde Kerke JEUG

FRANKFORT RIVIERTOER 2018

Hoërskool kinders gr8 –12
SONDAG 2 DESEMBER 2018 TOT DONDERDAG 6 DESEMBER 2018

Kampkoste: R800 per kind
Inskrywingsvorms is reeds beskikbaar (sien skakel)
https://goo.gl/pogGXt
Getallebeperking: 150x kinders

Alle ouers en kinders is welkom om die Riviertoer saam met ons in te lei met 'n gesamentlike erediens om 9:30 die Sondag-oggend in die GK Frankfort.

Kontak gerus vir Sanette ☎ 073 027 9181
met enige navrae!

WWESSKAMP in die berge!

'n Kamp waar jongwerkendes en senior studente tyd spandeer in die teenwoordigheid van die Here.
Die kamp is jaarliks in die Drakensberge & Frankfort.
Tema: Wat die woorde van my hart sê. (Lukas 6:45)
Plek: Bergventure (naby Champagne Castle)
Koste: R775pp (Etes en verblyf ingesluit)
Navrae: Jacques Tredoux ☎ 084 049 6216/
jacques @gkbrooklyn.org.za
Skryf in: https://goo.gl/Cq2TZm

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

Emeritaatsversorging